Gebed en Sondebelydenis

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Een van die vernaamste voorwaardes en eise vir voorbidding, is dat die voorbidder se lewe skoon sal wees. Hy moet alle bewuste, onbelyde sonde bely en daarmee breek; dit laat staan. Enige vorm van sonde verhinder gebed. Daaroor is **Psalm 66:18** en **Jesaja 59:1-2** baie duidelik. Dit is baie belangrik dat ons vanuit 'n rein hart tot God sal bid. Ingesluit in hierdie stuk is 'n lys van 'n aantal sondes wat in die Skrif genoem word. Gaan onder genoemde lys biddend deur en vra die Heilige Gees om jou sensitief te maak, sodat jy kan weet watter dinge daar in jou lewe is wat jy voor die Here moet bely. Dit is ook belangrik om sonde uit jou verlede deeglik te bely.

Deel jou lewe op in bv. voorskool, laerskool, hoërskool, naskools, getroude lewe, ens. en vra die Gees van God om vir jou enige sonde wat jy in daardie periodes gedoen het en wat jy nog nie bely het nie, te wys. Maak 'n lys daarvan en bely dit dan een vir een voor die Here. Indien die Here jou so lei, kan jy ook na 'n betroubare medegelowige toe gaan en saam met hom/haar oor hierdie dinge bid en dit sodoende saam met iemand anders in die lig bring.

Dit is belangrik om te onthou dat dit die taak van die Heilige Gees is om vir jou te wys op sonde wat nog nie bely is nie en ook dinge waarmee jy nog nie gebreek het nie. Pasop vir 'n voortdurende gesoek na sonde in jou eie lewe, maar maak doodseker dat wanneer die Heilige Gees jou aandag op iets vestig, jy dadelik daarvan werk maak.

Die woord **bekering** word op twee maniere in die Bybel gebruik. 'n Persoon wat Jesus Christus vir die eerste keer as sy persoonlike Verlosser aanneem, kom tot bekering. Maar daar is ook iets soos voortgaande bekering. Elke gelowige doen nog steeds sonde en moet voortdurend sy sonde voor die Here bely en hom daagliks van daardie sonde bekeer.

Om jou te bekeer, beteken om te draai, weg te draai van die sonde en na God toe te kom. God wil hê dat jy jou sonde sal bely en daarmee sal breek. Wanneer jy dit doen, vergewe Hy jou en reinig Hy jou van daardie sonde. Om verlossing van jou sondes te verkry, moet jy aanvaar dat Jesus as plaasvervanger vir jou sondes gesterf het. Op sy beurt verwag die Here nou dat jy jou sonde sal bely en laat staan.

Die volgende beginsels kan neergelê word vir sondebelydenis:

1. Sonde wat tussen jou en die Here alleen gedoen is, word tussen jou en die Here alleen bely.
2. Wanneer jy teenoor iemand anders gesondig het, moet jy dit teenoor daardie persoon bely en hom/haar om vergifnis vra en die sonde ook voor die Here bely.
3. Wanneer jy iemand skade berokken het deur van iemand te steel, óf as daar 'n kwaai vriendskap tussen jou en iemand anders is, moet daar restitusie gedoen word - m.a.w. jy moet gaan regmaak. Jy moet gesteelde goed teruggee; jou aandeel bely.

4. Sonde wat teenoor 'n groep gedoen is, moet teenoor die groep sowel as teenoor die Here bely word.
5. Sondebelydenis moet met die nodige versigtigheid gedoen word, sodat dit die saak nie verder benadeel nie. Dit is byvoorbeeld onsinnig om teenoor iemand te gaan bely dat jy van hom/ haar sleg **gedink** het - daarmee breek jy af en bou jy nie op nie. Die doel van sondebelydenis is om herstel en genesing te bring en nie verdere verwydering nie. Wanneer jy van iemand geskinder het en hy weet daarvan, bely dit teenoor hom, maar andersins moet jy dit nie doen nie, want dit doen gewoonlik net skade. Bely dit dan saam met 'n ander gelowige **indien** die Here jou so lei.
6. Martin Luther het gesê dat wanneer ek my sonde net voor die Here bely, dit vergifnis van daardie sonde bring, maar wanneer ek dit saam met 'n medegelowige bely, dit ook bevryding van daardie sonde meebring. Hierin lê 'n groot geestelike waarheid opgesluit. Daar is mense wat hierdie stelling van Martin Luther verabsoluteer en dit lei gewoonlik tot ekstremisme en 'n wettiese hantering van sondebelydenis. Daarteen moet ons waak. **Jakobus 5:16** sê dat ons ons sonde teenoor mekaar moet bely. Sondebelydenis, saam met 'n medegelowige, is sterk aan te beveel, maar moenie daarvan 'n nuwe wet maak nie. God werk soos Hy wil.
7. Wanneer jy jou sonde voor die Here bely en jy ervaar nie vergifnis en bevryding nie, is dit goed om saam met 'n betroubare medegelowige daaroor te gaan bid. In die geval van sensitiewe sondes (bv. seksuele sondes) is dit verkieslik om saam met 'n geestelike leier daaroor te gaan bid.
8. Pasop vir voortdurende introspeksie, 'n voortdurende soeke na sonde in jou lewe. Dit is die taak van die Heilige Gees om ons van sonde te oortuig en vir ons ons sonde uit te wys. In **Johannes 16:8** (OV) staan daar: *"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. "* Vertrou Hom om vir jou te wys as daar iets in jou lewe is wat Hom bedroef - en bely daardie spesifieke sonde. Moenie onnodig gaan soek en krap vir sonde nie.

Waarvan moet ek my bekeer?

Afgodsdiens -Op.21:8; Gal.5:20
Afguns -Mark.7:22; Gal.5:21
Bedrog-Mark.7:22
Begeerlikheid -Gal.5:24
Biddeloosheid -Mark.14:37-38
Boosheid -Mark.7:22
Diefstal - Ef.4:28; Mark.7:22; Eks.20:15
Die Heilige Gees weerstaan - Hand.7:51
Dobbel - Tit.1:7
Dronkenskap - Gal.5:21
Dwaasheid - Mark.7:22
Eersug - Mal.1:6

Egbreuk - **1** Kor.6:10
Eiegeregtigheid - Fil.3:9
Eiesinnigheid - Luk.22:23; Tit.1:7; 1 Sam.15:23
Geldgierigheid - 2 Tim.3:2
Geskreeu - Ef.4:31
Geweld - Rom.1:30
Gierigheid - Jak.4:2; Kol.3:5
Grootpraat - Jak.4:16
Haat - 1 Joh.3:15
Hater van God - Rom.1:30
Hartelоosheid - Rom.1:31
Hebsug - Rom.1:29
Hoerery - Mark.7:21; Op.21:8
Homoseksualisme - 1 Kor.6:9-10
Hoogmoed - Luk.1:51
Jaloesie - 1 Kor.3:3
Jesus bloed vertrap - Heb.10:29
Kritiseer - Rom.14:13
Kwaadpraat - 1 Pet.2:1
Lafhartigheid - Hand.13:13
Laster - 2 Tim.3:2
Leuens- Op.21:8; Kol.3:9
Liefdeloosheid - Rom.1:31
Losbandigheid - Mark.7:22
Luiheid - 2 Tim.2:15; 1 Kor.9:27
Moedeloosheid - Num.21:4
Murmurering - Eks.16:2
Moord - Op.21:8
Nuusdraery - Rom.1:30
Nydigheid - Rom.1:29
Onoplettendheid - Mark.6:52
Ongeduld - Num.21:4
Ondankbaarheid - 2 Tim.3:2; Luk.17:17-18
Onderkruiperigheid - Gen.25:31-33
Ondeugsaamheid - Rom.1:29
Ongehoorsaamheid - Rom.1:30; Heb.4:6
Ongeloof - Op.21:8
Ongeregtigheid - Rom.1:29
Onheiligheid - 2 Tim.3:2
Onkunde - Hos.4:6; Jes.5:13
Onreinheid - Gal.5:19
Ontrouheid - Rom.1:31

Onvergewensgesindheid- Matt.18:35
Ooreet - Spr.23:20
Oordeel - Rom.14:13
Opvlieëndheid - Tit.1:7
Populariteit soek - 2 Tim.4:10
Roekeloosheid- 2 Tim.3:4
Rusiemakery- Tit.1:7
Selfliefde - 2 Tim.3:2
Selfsug - Jak.3:16
Slegte begeertes- Kol.3:5
Slegte gedagtes - Mark.7:21
Slegte humeur - Mark.14:71; Tit.1:7
Sondagsontheiliging - Jes.58:13
Soeker na oneerlike wins - Tit.1:7
Spottery - Ps.1:1
Sweer - Gen.25:33
Twyfel- Matt.14:31
Twis -Rom.1:29; Gal.5:20; Op.21:8
Valsheid - Spr.16:30
Verbondbreek - Lev.26:15
Verraaier - 2 Tim.3:4
Vleeslike luste -1 Kor.6:10; Gal.5:19-21
Vuil woorde -Ef.4:29
Vloek -Lev.24:1 l; 24:14
Vooroordeel -Joh.7:5l; Rom.14:13
Vormgodsdiens -2 Tim.3:5
Vreesagtigheid -Op.21:8
Vyandskap -Gal.5.20
Waarsêery - 2 Kon.1:16
Wraaksug - Rom.12:19
Wreedheid - 2 Tim.3:3
Wêreldgesindheid - Jak.4:4
Wêreldse plesier - 2 Tim.3:4
Wederstrewigheid -1 Sam.15:23

Dit gebeur dikwels dat mense hulle sondes bely en dit laat staan, maar nogtans geen vrede in hulle hart ondervind nie. Die volgende dinge kan onder andere veroorsaak dat 'n mens, selfs nadat jy jou sonde bely het, nie vrede kry nie.

Eerstens: Dit kan wees dat jy nie alles bely het in verband met 'n sekere saak nie; dat jy onwillig is om te erken dat jy alle blaam dra óf dat jy nie regtig vergewe het nie; óf dat jy nie eerlik was met God oor die hele saak waarin jy gesondig het nie.

Tweedens: Nadat jy vir God gevra het om jou sonde te vergewe en skoon te was met die bloed van Jesus Christus **(1 Joh.1:9),** onthou dat Hy ook jou slegte of skuldige gewete wil reinig **(Heb.10:22).** Die Satan kom kla ons dikwels by ons eie gewete aan nádat God ons klaar gereinig het met sy bloed. Met ander woorde: vra die Here ook om elke gedagte in verband met daardie sonde of sondes uit jou gedagtes weg te was met die bloed van die Here Jesus.
"Maar as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid" **(1 Joh.1:9).**
"Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons **harte** *is immers gereinig van 'n skuldige* (slegte - *OV) gewete"* **(Heb.10:22).**

Derdens: Dit kan natuurlik ook wees dat jy nie regtig wil breek met daardie spesifieke sonde nie. Gaan dan weer op jou knieë en bely daardie onwilligheid en as dit nodig is, vra die Here om jou gewillig te maak om sy wil te doen en te breek met die sonde. Moenie **sondige** gedagtes in jou hart vertroetel nie - bely dit en vra die Here om elke verkeerde beeld of gedagte wat oorgebly het van sonde wat jy gedoen het, met sy bloed uit te wis.

Vierdens: Die Satan kan 'n mens egter nog steeds aanval en die vrede uit jou hart probeer wegneem. Jakobus 4:7 gee vir ons goeie raad:
"Onderwerp julle dan aan God, weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."
Let op: die vers bestaan uit drie dele. Eerstens moet ek my aan God onderwerp. Daarná kan en moet ek die duiwel weerstaan.
Wanneer ek hierdie twee dinge gedoen het, sal die Bose vlug. Om my aan God te onderwerp, beteken ook dat ek alle dinge wat skeiding tussen Hom en my maak, sal verwyder. Maak seker dat jy alle sonde bely het, dat jy nie nog moedswillig aan sonde vashou nie. Maak ook seker dat jy die Here gevra het om jou van 'n slegte gewete te reinig. Wanneer jy dit alles klaar gedoen het, kan jy die Bose weerstaan in die Naam van die Here Jesus en hom - in Jesus Naam - gebied om jou nie verder lastig te val nie. Moenie toegee aan twyfel deur te wonder of die Here jou wel vergewe het nie. Weerstaan alle twyfel en ongeloof op grond van die feit dat God getrou is, en omdat Hy gesê het dat Hy ons sondes sal vergewe as ons dit bely.

Vyfdens: As jy al die voorafgaande stappe gevolg het, en daar is nogtans geen vrede nie, moet dan nie na jou onvrede kyk nie, maar kyk op na Jesus en sien dat Hy die Satan aan die kruis oorwin het en dat Hy (Jesus) die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak het **(Kol.2:13-15).** Kyk dan na die beloftes van God en glo dit eerder as jou eie wispelturige gevoelens. Ons vergifnis word deur God bewerk en die gevoel van vrede is slegs addisioneel. Eien in die geloof die beloftes van God se vergifnis vir jou toe.

"God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer" **(Kol.2:13-15).**

Wat gebeur met my sonde wanneer ek dit bely?

1. Dit word baie ver verwyder - soos die ooste van die weste. *"So ver as die ooste van die weste is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af"* **(Ps.103:12)**.
2. God gooi dit waar Hy dit nie kan sien nie. *"Want U het al my sondes agter u rug gewerp* " **(Jes.38:17, OV).**
3. God reken die sondeskuld nie toe nie. "... *dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie"* **(2 Kor.5:19)**. *"U het u volk sy sonde nie toegereken nie, hom al sy skuld kwytgeskeld"* **(Ps.85:3).**
4. God vergewe ons ons sonde. *"En Natan sê vir Dawid.- Die Here het jou sonde vergewe jy sal nie nou sterwe nie* **(2 Sam.12:13).** "Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees **(Ps.103:3).**
5. God werp ons sondes in die diepte van die see. *"U sal al hulle sondes in die diepsee gooi* " **(Miga 7:19).**
6. God versoen ons sondes. *"En Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld"* **(1 Joh.2:2).**
7. God maak ons skoon van die smet van sonde. "*Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol"* **(Jes.1:18)**. *"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed..."* **(Op.1:5, OV).**
8. Jesus, die Lam van God, het ons sondes gedra. *"Hy (Johannes) sê toe: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! "* **(Joh.1:29).**
9. Jesus het vir ons sonde geword. *"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"* **(2 Kor.5:21).**
10. Jesus maak vry van die slawerny van die sonde. *"Jesus sê toe vir hulle: "Dit verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde... Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees*" **(Joh.8:34-36).**
11. God dink nie verder aan ons sondes nie. *"Ek is getrou aan Myself. Ek dink nie meer aan jou sondes nie"* **(Jes.43:25)**. *"Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie*" **(Jer.31:34)**.
12. Ons sondes sal gesoek maar nie gekry word nie. *"Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal daar navraag gedoen word na die sonde van Israel, na die oortredings van Juda, maar daar sal niks wees nie, niks gevind word nie, want Ek sal die sonde van dié wat Ek laat oorbly, vergewe"* **(Jer.50:20)**.
13. Die Heilige Gees gee ons die versekering dat ons sondes vergewe is. *"Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is* **(Rom.8:16)**.